Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2019-09-20

NUUSBRIEF 8/2019

ALGEMEEN

Die derde skoolkwartaal het tot 'n einde gekom en daarmee saam die wintersportsoorte. Dankie aan ons ouers wat so getrou die verskillende wedstryde bygewoon en ons leerders aangemoedig het. Die sport hoogtepunt was ons 35ste Stulting Sportdag, waar 1900 kinders van 32 skole deelgeneem het. Op kultuurgebied was die hoogtepunt die TV-optrede van die junior- en seniorkore tydens die verfilming van die KykNET TV-reeks *Sing in Harmonie.*

Algemene versoek aan ouers: Maak seker u kind ***eet ontbyt*** voordat hy skool toe kom. Die dag by die skool is lank en uitputtend. Voorsien asb. u kind van die nodige ***skryfbehoeftes***. Ouers bring daagliks ***artikels wat leerders by die huis vergeet*** het skoolkantoor toe. Gevolglik is die admin personeel alewig besig om agter leerders aan te loop en nie in die kantoor waar hul benodig word nie. Die admin personeel sal nie meer hiermee kan help nie.

Algemene Begrotingsvergadering: U word uitgenooi na hierdie vergadering op Donderdag 31 Oktober 2019 om 18:00 in die skoolsaal. Die voorgestelde begroting sal vanaf 9 Oktober 2019 by die skoolkantoor vir insae beskikbaar wees.

AKADEMIE

Skool heropen: Die skool heropen om 07:30 op Dinsdag 1 Oktober vir die vierde kwartaal. Somersdrag is verpligtend vir alle leerders.

Assesseringsverslae: Geleentheid om die akademiese verslae wat u vandag ontvang het met die betrokke onderwysers te bespreek, sal op Donderdagaand 3 Oktober vanaf 17:30 tot 19:00 in die skoolsaal plaasvind.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Akademiese toer: Die akademiese toer na die Suid-Kaap vind vanaf 23-27 September plaas. Mnr. Werner en Juf. Karin vergesel die leerders.

Akademiese Prysuitdeling: Hierdie prestige-aand vind plaas op Donderdag 24 Oktober 2019 om 18:00 in die skoolsaal.

Gr. R/1 Inligtingsaand: 'n Inligtingsaand word gehou vir alle ouers wie se kinders reeds vir GR. RR-, R- of 1 vir 2020 aanvaar is. Dit vind plaas op Dinsdag 29 Oktober 2019 om 18:00 in die skoolsaal. Leerders is welkom.

Eksamen (Gr. 4-7): Die eksamen vind plaas vanaf 5-20 November 2019. Die skool sluit amptelik op 4 Desember en die leerders sal dan hul rapporte ontvang.

SPORT

Buitemuurse rooster: Volgende kwartaal se program is baie kort. Sport begin op Maandag 7 Oktober en alle aktiwiteite staak weer op Vrydag 25 Oktober.

Sport Prysuitdeling: Veels geluk aan al ons pryswenners. Ons versoek dat alle trofeë graveer word. Ons top sport toekennings vir die aand was:

***Sportman**:* Bryan Katoo ***Sportvrou**:* Chrisna Sterley

Span vd jaar: o/13A Rugby

Gymnastrade: Kayla Lötter was deel van die Suid-Afrikaanse span wat aan die Wêreld Gimnastrade in Oostenryk deelgeneem het. Welgedaan Kayla!

Skaak: Cayline Carolis is gekies vir die SA Skaakspan. Sy en Anrico Moolman is ook vir die OP Skaakspan gekies.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

OP o/12 Rugby: Liam Bekker, Tiaan Els, Nico Lourens en Cearon Felix is gekies vir die o/12 OP span. Hulle neem tydens die laaste week van skool aan 'n interprovinsiale toernooi deel.

Kouga o/12 Krieket: Ruan Nel, Michael Pienaar en Chrisjan de Lange (1ste reserwe) is gekies vir die o/12 Kougaspan.

KULTUUR

Sing in harmonie: Ons junior- en seniorkoor het Vrydag- en Saterdagaand (13/14 September) onderskeidelik tydens die KykNET Sing in Harmonie TV-opname van die provinsiale finaal opgetree. Hierdie opname het by die Harvest Christian Church (PE) plaasgevind. Ons kore het pragtig gesing. Ons sien met opwinding uit na die TV uitsending hiervan. Die seniorkoor spog met die Beste Afrikaanse liedjie. Die *Humansdorplied* is geskryf deur ons eie mev. Karien du Plessis. 'n Besondere pluimpie vir haar en die koor.

Kultuurprysuitdeling: Veels geluk aan al ons pryswenners. Ons versoek dat alle trofeë graveer word. Ons top kultuur toekennings vir die aand was:

***Junior kultuur**:* Birkita Holtzhausen ***Senior kultuur**:* Tessa Gerber/Heinrich Human

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF